Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

## GRAAD 6

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1 uur**

**NAAM:** ______________________________

*6AFHL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KYK- EN LEESBEGRIP | (25 punte) |
| AFDELING B: | TAAL | (15 punte) |

2. Beantwoord al die vrae.

3. Vul die antwoorde op die vraestel in.

4. Skryf netjies met blou of swart ink.

5. Lees die instruksies by AL die vrae deeglik deur voordat jy dit beantwoord.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ’N KORTVERHAAL

Lees die onderstaande leesstuk deeglik deur en beantwoord die onderstaande vrae.

**VLIEG, AREND, VLIEG, HOOG**!



1 Vroeg een oggend gaan ŉ boer uit om te gaan soek na sy verlore kalf. Die wagtertjies het sonder die kalf opgedaag en gedurende die nag het ŉ geweldige storm gewoed.

2 Vroegmôre begin die man in die vallei rondsoek. Hy soek orals in berge, oor heuwels en tussen ruwe rotswande. Hy roep na die kalf, maar die kranse eggo sy stem. Terwyl hy soek, ontdek hy ŉ bloedjong arendskuiken. Hy neem die kuiken huis toe.

3 “Die arend is die koning van die voëls,” sȩ die man, “maar ons gaan hom leer om ŉ hoender te wees.” Die arend het toe tussen die hoenders gewoon en hul gewoontes aangeleer. Almal het na die vreemde voël gekyk en sy andersheid opgemerk.

4 Op ŉ dag kom ŉ vriend van die boer inloer. Terwyl hy sit, sien die vriend die vreemde voël tussen die ander hoenders, “Haai,” sȩ hy, “dis nie ŉ hoender nie. Dis mos ŉ arend! Natuurlik is dit ŉ hoender,” sȩ die boer glimlaggend. “Kyk hy loop, eet en drink soos ŉ hoender.”

5 “Ek sal jou wys dis ŉ arend,” sȩ die vriend. Hy vang die voël, lig dit bokant sy kop en sȩ: “Vlieg, Arend, Vlieg, Hoog! Jy behoort in die lug, nie op die grond nie.” Die arend lig sy kop op, laat dit weer sak en spring af om rond te skrop vir kos.

6 Die tweede dag is die besoeker terug, vasbeslote om die dier te leer vlieg. Hy neem die voël op teen die dak en beveel dit om te vlieg. Weer eens skarrel die voël uit sy hande en seil na die hoenders. Die mense lag vir die besoeker.

7 Vroeg die derde dag, voor dagbreek, kom haal die vriend weer die arend. Hy plaas hom op ŉ rotslys en sȩ: “Kyk na die son, Arend. As dit opkom, styg saam daarmee op. Jy behoort nie op die grond nie.”

8 Op daardie oomblik verskyn die son se eerste strale. Dis doodstil. Niks roer nie. Die arend sprei sy vlerke sywaarts, leun vorentoe, laat los die rots en word deur die wind omhoog gedra, hoër tot waar hy in die skitterende son verdwyn – om nooit weer op die grond tussen hoenders te leef nie.

[Verwerk en verkort uit die Millenniumreeks *“Afrikaans Huistaal Graad 6,”* L. Moolman]

Omkring die korrekte antwoord.

1.1 Wie is die hoofkarakter in die storie?

A Die voëls
B Die arend
C Die boer
D Die boer se vriend (1)

1.2 Watter woord beskryf die boer se vriend se karakter die beste?
Hy het baie ... met die voël gehad.

A liefde
B deursettingsvermoë
C ongeduld
D betroubaarheid (1)

1.3 In paragraaf 3 word daar na die arend verwys as die …

A koning van die voëls.
B koning van die diere.
C koningin van die voëls.
D oerwoud se koning. (1)

1.4 Waarna het die boer in paragraaf 1 gaan soek?

________________________________________________________ (1)

1.5 Verduidelik die betekenis van die frase in paragraaf 2:
"Die kranse eggo sy stem."

________________________________________________________ (1)

1.6 Na hoeveel dae het die arend uiteindelik leer vlieg?

________________________________________________________ (1)

1.7 Haal 'n sin uit die leesstuk uit paragraaf 8 aan wat dieselfde beteken as "die sonsopkoms".

________________________________________________________ (1)

1.8 Voltooi die onderstaande sin deur na die teks te verwys.

As die boer se vriend nie die arend leer vlieg het nie, sou die arend …


________________________________________________________ (2)

1.9 Watter les kan ons as mense uit hierdie storie leer?

________________________________________________________ (1)
**[10]**

## VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



***Al gehoor hoe die tonge deesdae klap in Afrikaans????***
*Al meer monde proe hom. Ja, hy laat die tonge dans.*
*Dis oor hy so lekker sệ. Nes die lippe dit wil hệ. Aldag, al meer spesiaal.*
*Hiert jou lostong reënboogtaal!*
*Klik op* ***[www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za)*** *of skakel (011) 886 4888*

[Verwerk uit *Afrikaans Ons Taal*]

2.1 Watter organisasie adverteer hier?

______________________________________________ (1)

2.2 Skryf die webtuiste neer waar jy die inligting kan vind.

______________________________________________ (1)

2.3 Omkring die korrekte antwoord: Die akroniem ATKV verwys na …

A Afrikaanse Kultuur- en Taalvereniging.
B Afrikaanse Vereniging van Kultuur.
C Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging.
D Afrika se Taal en Kulture. (1)

2.4. Haal 'n woord uit die leesstuk aan wat dieselfde beteken as "trippel."

______________________________________________ (1)

2.5 Beantwoord die vraag in 'n volsin.

Wat belowe die advertensie jou indien jy Afrikaans sou praat?

______________________________________________ (1)
**[5]**

## VRAAG 3: GEDIG

Lees die onderstaande gedig deeglik deur en beantwoord die onderstaande vrae.

**'N SPROKIE**




Ek ken 'n mooi klein sprokie,
Wat so na waarheid klink-
Dis dat die tortel altyd
Sy water troebel drink. 1

Kom hy by helder plassies,
Dan sal hy drinkend neig,
As eers, na sagte roering,
Die modderwolkies styg. 2

Daarom sing hy so droewig
Van donker-voël-leed;
Daarom tooi hy hom stemmig
Met dowwe verekleed. 3

So is daar somber siele
Waar hy my aan laat dink,
Wat soos die tortel, troebel
Die lewenswater drink. 4

Vir alle lewensliefheid,
vir vreugdesang bevrees,
drink hulle geen genoeëns–
of dit moet troebel wees! 5

[Uit L.J. du Plessis: *Totius en sy verse*]

Omkring die korrekte antwoord:

3.1 Die gedig bestaan uit … versreëls.

A vyf
B twintig
C vier
D vyf en twintig (1)

3.2 Die digter van hierdie gedig is …

A Totius.
B L.J. du Plessis.
C Totius en sy verse.
D J. Totius. (1)

3.3 Waaroor handel die bostaande gedig?

________________________________________ (1)

3.4 Van watter dier word hier in die sprokie vertel?

________________________________________ (1)

Kopiereg voorbehou 

Omkring die korrekte antwoord.

3.5 Van watter beeldspraak maak die digter gebruik in strofe 1, versreël 3.

"<u>D</u>is <u>d</u>at <u>d</u>ie tortel altyd"

A alliterasie
B assonansie
C personifikasie
D vergelyking (1)

3.6 Voltooi die volgende sin:

Die tortelduif sing droewig ...

A oor sy broer se leed.
B die mens se leed.
C van donker-voël-leed.
D die modderwolkies. (1)

3.7 Voltooi die onderstaande sin:

As die tortelduif hom stemmig tooi, bedek hy hom met _______________ (1)

3.8 Die tortelduif ervaar sekere menslike emosies in die gedig.

Stem jy saam?

Gee ŉ rede vir jou antwoord.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

3.9 Kies die korrekte woord uit die gedig wat rym met:

Leed – _______________________________________________________ (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande teks gebaseer.



"*SWEEF SOOS 'n AREND SO HOOG, HOOG IN DIE LUG.'' Dit is die woorde wat die sanger sing. As jy 'n arend sien sweef, lyk hy so grasieus asof die wêreld aan hom behoort.*

4.1 Gee die **meervoude** van die onderstreepte woorde.

Het jy die <u>foto</u> van die <u>arend</u> gesien?

foto– ______________________

arend– ______________________ (2)

4.2 Skryf die getal 27 uit in **woorde**. Daar was 27 hoenders en een arend.

27 – ____________________________________________________________ (1)

4.3 Wat beteken die volgende **idiomatiese uitdrukking**?

Hulle is voëls van eendere vere.

____________________________________________________________________ (1)

4.4 Gee die **vroulike vorm** van die woorde tussen hakies:

4.4.1 Die (sanger) sing 'n lied oor arende. __________________________ (1)

4.4.2 Die (akteur) hou nie van hoenders nie. ________________________ (1)

4.5 Gee die **afkorting** vir die onderstaande woorde tussen hakies.

Die arende sweef (met behulp van) hul vlerke.

____________________________________________________________ (1)

4.6 Omkring die korrekte **spelling** van die woord tussen hakies.

4.6.1 Arende sweef hoog in die (lug / lig). (1)

4.6.2 Die arend het die boer se (pad / pat) geken. (1)

4.7 Gebruik die woord (plaas) in ’n duidelike sin om ’n ander betekenis as in die sin hieronder te wys.

Die arend vlieg hoog oor die (plaas).

____________________________________________________________ (1)

**[10]**

## VRAAG 5: VISUELE TEKS

*Vakansieoorde! Glip weg vir 'n lekker sakpasvakansie. Kom en bespreek nou! ATKV-Oorde is die perfekte wegbreekplek vir jou gesin. Opwindend …*





5.1 Gee die **antoniem (teenoorgestelde)** van die woord tussen hakies.

Die ATKV bied (duur) vakansies aan.

________________________________________ (1)

5.2 Verdeel die woord in hakies in **lettergrepe**.

Dit is die beste (vakansieoorde) in die hele land.

________________________________________ (1)

5.3 Sê watter soort **bywoord** die onderstaande woord tussen hakies is.
[Bywoord van tyd, wyse, manier of plek]

Kom en bespreek (nou) vir 'n lekker vakansie.

________________________________________ (1)

5.4 Sê watter **soort sin** die volgende sinne is:

| Stelsin | Vraagsin | Bevelsin | Uitroepsin |
|---|---|---|---|

5.4.1 Waar is die groot, mooi oorde geleë?

____________________________________ (1)

5.4.2 Glip weg vir 'n sakpas vakansie!

____________________________________ (1)

5.5 Gee die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies.

Die vakansie is (baie goedkoop).

________________________________________ (1)

5.6 Skryf die regte vorm van die **byvoeglike naamwoord** tussen hakies neer.

Daar is (hoog) berge by die vakansieoord.

________________________________________ (1)
**[7]**

## VRAAG 6: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent en beantwoord die onderstaande vrae oor die strokiesprent.




[Verkry uit *Afrikaans My Taal* graad 7]

6.1 Vul die ontbrekende **versamelnaam** in.

6.1.1 Die ____________ olifante staan langs die pad. (1)

6.1.2 Hulle sien ook ʼn __________________voëls in die wildtuin. (1)

6.2 Verbind die TWEE enkelvoudige sinne met die **voegwoord** tussen hakies.

Hy kon nie die leeu afneem nie. Hy het nie ʼn film gehad nie. (omdat)

_________________________________________________________________ (2)

6.3 Vul die korrekte **voorsetsel** in.

Hulle reis ________________ motor deur die wildtuin. (1)

6.4 Skryf die onderstaande sin oor in die **ontkennende vorm**.

Was jy al ooit in die Krugerwildtuin?

________________________________________________ (1)

6.5 Skryf die sin oor vanaf die **teenwoordige tyd** na die **verlede tyd**.

Hulle het ŉ groot motor waarmee hulle ry.

________________________________________________ (1)

6.6 Skryf die sin oor vanaf die **toekomende tyd** na die **teenwoordige tyd**.

Die oom sal die leeus daar agter die berg skiet.

________________________________________________ (1)

6.7 Skryf die sin oor vanaf die **direkte rede** na die i**ndirekte rede**:

Die vrou sê: “Ek moet vandag nog ŉ draai gaan loop.”

________________________________________________ (2)

6.8 Sê watter **woordsoort** die onderstreepte woorde is:

| |
|---|
| Lidwoord; Werkwoord; Byvoeglike naamwoord;<br>Bywoord; Voornaamwoord; Selfstandige naamwoord |

Wynand <u>skiet</u> ŉ groot olifant in die <u>wildpark</u>.

6.8.1 wildpark ________________________________ (1)

6.8.2 skiet ________________________________ (1)

6.9 **Kritiese Taalbewustheid**

Omkring die korrekte antwoord.

Indien iemand jou vra hoe dit met jou gaan, is die beste antwoord …

A Hi!
B Totsiens!
C Hoezit?
D Goed dankie. (1)

**[13]**

**AFDELING B: 30÷2 15**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou